Gifts of the Father

Soos ons verlede week genoem het doen ons tans 'n reeks om almal te help om hulle gawes te ontdek. Die 3 kernpunte van verlede week.

1. Jy is 'n geskenk van God
Jy is gemaak in Sy ewebeeld, met 'n spesifieke plan en doel. Jy is nie perongeluk hier nie, God het 'n plan met jou lewe.

2. Om jou gawes te kan ontdek moet jy opstaan en aktief raak in Sy koninkryk. Jy gaan nie jou gawes ontdek deur net terug te sit en te wag dat die Here jou moet wys nie, soos jy ander dien en op Sy koninkryk gefokus word gaan jou gawes sigbaar word.

3. Die doel van die Gawes is om ander daarmee te dien. Jy het dit sodat die prentjie van sy liggaam perfek kan wees. Solank jy dit terug hou, kry die wereld 'n vals beeld van Sy liggaam, want al die gawes is nie sigbaar nie.

Jy kry gawes van die Vader, die seun en van die Heilige gees. Vandag doen ons slegs die gawes van die Vader.

Waar in die bybel vind ons die Gawes van die Vader?
Romeine 12 v 4-8

4 For as in one body we have many members, and the members do not all have the same function, 5 so we, though many, are one body in Christ, and individually members one of another. 6 Having gifts that differ according to the grace given to us, let us use them: if (1) prophecy, in proportion to our faith; 7 if (2)service, in our serving; the one who (3) teaches, in his teaching; 8 the one who (4) exhorts, in his exhortation; the one who (5) contributes, in generosity; the one who (6) leads, with zeal; the one who (7) does acts of mercy, with cheerfulness.

Die gawes van die Vader word ook genoem die motiveringsgawes of genadegawes.
Kom ons lys hulle gou:

1. Profesie/ Prophecy
2. Bediening/ Serving
3. Lering/ Teacing
4. Vermaning/ Exhortation
5. Vrygewigheid/ giving
6. Leierseienskappe/ Leadership or organisational 7. Barmhartigheid/ Mercy

DOEL DAARVAN
Die doel van die motiveringsgawes is om sukses te bring aan die liggaam van Christus. As jy weet watter een van hulle jou gawe is, gaan jy makliker kan groei daarin.

GEBORE DAARMEE
Gawes van die Vader maak deel uit van ons karaktereienskappe, dit is dus deel van jou persoonlikheid en dit is gawes wat God in jou geplaas het toe Hy jou gevorm het. Meeste van ons het meer as een van hierdie gawes, maar daar is gewoonlik een wat uitstaan bo die res.

1 Peter 4 v 10

10 As each has received a gift, use it to serve one another, as good stewards of God's varied grace:

BESTUURDERS
Ons het nodig om goeie bestuurders te wees van dit wat God aan ons gee, gewoonlik dink ons dit praat van geld, dit is 'n beginsel wat ook van toepassing is op geld, maar hier word dit spesefiek genoem in die konteks van ons gawes. Jy wil dalk verder geestelik groei deur meer gebruik te word deur die Here, die vraag wat jy dus eerstens moet vra, is hoe bestuur jy hierdie gawes.

Ons gaan na hierdie gawes kyk, in fyner besonderhede.

1.Profesie
Eerstens, 'n persoon wat hierdie gawe het is nie noodwendig 'n profeet nie. Ons gaan daardie gawes (van die 5 voudige bediening) bespreek onder die gawes van die seun.

Die motiveringsgawe van profesie is een wat onderskei (discerns) en sien die motiewe van ander. Hierdie gawe word gebruik binne in die liggaam om te restoureer en herstel te bring... gewoonlik aan die liggaam.

So persoon is gewoonlik uitgesproke, maar praat met insig. So persoon sal geen kompromiee maak vir wat hy weet reg is nie. Hy sal mense rondom hom positief beiinvloed vir geestelikke geregtigheid. Hulle lyk partykeer of hulle die vermoe het om in jou siel in te kyk en jou motiewe raak te sien. Hulle kan hierdie gawe gebruik om mense te bemoedig of te vermaan. Hulle het 'n afsku in die bose en wat verkeerd is en sal dit baie vinnig uitwys.... met liefde, maar wel sterk.

Die geestelikke kondisie van ander is vir hulle belangrik, en hulle sal baie reguit wees wanneer hulle te doene het met mense wat  geestelik hulp nodig het. Hulle raak heel omgekrap wanneer hulle te doen het met mense wat vasgevang is in sonde en hou daarvan om te bid saam met mense vir verlossing.

Dit is maklik om mense met die motiveringsgawe van profesie te sien as onsensitief teenoor mense se gevoelens en reageer baie ekstreem teenoor mense met sonde in hul lewens. Hulle kom onpersoonlik voor, maar speel 'n baie belangrikke rol in God se liggaam.

So persoon sal as spreekbuis vir God gebruik word, en sal altyd aandui die behoefte vir sonde belydenis of verandering, reinheid en heiligheid.

Bybelse voorbeeld van so persoon is Johannes die doper.

2. Bediening/ Serving

Die motiveringsgawe van bediening het 'n konnotasie met die woord 'dienskneg'. So persoon het 'n behoefte om te help met die praktiese behoeftes van ander in die liggaam van Christus. In kerk word dit uitgebeeld in die diakens, by ons vervul die set-up spanne die funksie van die diakens. Vir die met die gawe van bediening, hoef jy egter nie te se wat om te doen nie , hulle sien van nature mense se behoeftes raak en sorteer dit uit. Hulle is nie altyd groot praters oor hulle liefde vir Christus nie, maar hulle dien Sy liggaam.

Hulle is die mense wat sal onthou hoe wie sy koffie drink, hulle sal bly na kerk se set-up tot alles afgehandel is, hulle sal selfs uit hul eie sak goed bykoop om dit lekker te maak vir ander. Hulle se moeilik nee as jy hulp vra, party mense dink hulle is 'pushy', want hulle is

betrokke by alles. Hulle is goed met kort termyn takies en doele, maar raak gewoonlik "sidetracked" met die kleiner takies wanneer hulle met groot projekte besig is.

Hulle is baie prakties in bediening (ministry) en neem inisiatief met behoeftes waaraan nie voldoen word nie.

Bybelse voorbeeld: Martha wat Jesus in haar huis ontvang het.

3. Lering/ teaching

Dit is die motiveringsgawe wat waarheid openbaar.

So persoon kan skrif goed uiteensit en is baie skrif georienteerd. Hulle is baie objektief en analities. Baie lief vir navorsing en gee baie aandag aan detail. Hulle sal bv daarvan hou om woorde te gaan opsoek in hebreeus en grieks, as hulle in 'n klas is is hulle die mense wat die onderwysers 'n moeilikke tyd gee met al die vrae. Die bybel bly vir hulle die kern boek en hulle sal normaalweg nie baie klem le op ander boeke nie. Party mense wonder soms of hulle ooit iets anders doen as die bybel bestudeer.

Bybelse voorbeeld.... Paulus

4. Vermaning/ exhortation
Om te vermaan (reg te help). Hulle is gedetermineerd om geloof te stimuleer by ander in die liggaam. Hulle bedoeling is om op te bou, dit is hoekom hulle vermaan (reghelp). So persoon sal dus stimuleer en versterk. Baie mense georienteerd en stimuleer geestelikke groei.

Hulle is positief en bemoedig ander met hulle liefde wat hulle gee. Hulle kan gewoonlik opkom met 'n 3 of 4 stap plan om jou nuutste dilemma uit te sorteer. Hulle kan daaglikse ondervinding en bybelse beginsels bymekaar bring. Hulle is goeie 'beraders" Party dink hulle wen meer mense oor deur hul lewens as deur wat hul se.

Bybelse voorbeeld... Barnabas.

5. Vrygewigheid/giving
DIe motiveringsgawe van vrygewigheid moedig mense aan om te gee op verskillende maniere. God het hulle nie net in die liggaam geplaas om te gee nie, maar ook om ander te motiveer om dieselfde te doen.

Hierdie gawe moet beoefen word sonder om raakgesien te word en sonder trots. Hulle is gewoonlik die mense aan wie God groot rykdom toevertrou. Hulle hou van gee, sonder dat daar 'n emosionele ding gemaak moet word daarvan.
Hulle verkies om in die geheim te gee, maar sal toelaat dat dit publiek gemaak mag word, as dit gaan maak dat ander meer sal gee. Hulle het die vermoe om finansiele seeninge te sien in hulle beleggings en aankope. Dis asof hulle rykdom vermeerder hoe meer hulle gee. Hulle hou daarvan om hulle beste aan die Here te gee en sal selfs op n laer lewenstandaard leef sodat hulle meer kan gee vir die koninkryk.

Wanneer n spesifieke bedrag vir n spesifieke behoefte in die gewer se gedagtes kom, sal dit selfs partykeer deur die gewer se lewensmaat bevestig word. Daar is groot vreugde daarin vir die gewer as hy weet dat sy geskenk antwoord was op spesifieke gebed.

Bybelse voorbeeld... Abraham

6. Leierseienskappe/ Leadership/ organisation Dit is die gawe om dinge aan die gang te hou of aan die beweeg te hou op n ordelikke manier. Die doel van die gawe is om te moddelleer wat gedoen moet word en om die liggaam van christus te bestuur en te ontwikkel.
Die persoon is geseen met n groot maat van selfdisipline en selfmotivering.
Hy is baie in beheer en georganiseerd en dra die rol maklik oor aan ander wanneer dit kom daarby om ander te bestuur of selfs met ander se situasies en omstandighede.
Hy sal maklik op sy eie aangaan wanneer hy voel dat hy op sy eie staan.
Hy is 'n pionier wat goed administreer.
Hulle is natuurlikke bestuurders.
Leierskap moet uitgevoer word met ywer. Hy is taak georienteerd en kan ander kry om na n gemeenskaplikke doel te werk. Hy is n motiveerder en fasiliteerder.
Hy sien die groter prentjie en lang termyn doele. Delegeer maklik.
Hulle hou daarvan om leierskap aan ander te gee en ander te help ontwikkel in hulle eie motiverings gawes. Hulle kan die sterk en swakpunte in elke een sien en sal elkeen genoeg verantwoordelikheid gee om hulle te 'stretch' sodat hulle kan groei, sonder dat dit hulle oorheers.

Bybelse Voorbeeld.... Nehemia

7. Barmhartigheid/ Mercy
Hierdie is 'n baie liefdevolle gawe. Mense wat hierdie gawe het is lief om met ander te praat oor barmhartigheid.

Hy is altyd met meegevoel gemotiveerd. Maw hy sal met ander kan vereenselwig met impatie, respek en eerlikheid. Het simpatie met ander.
Om effektief te wees moet die gawe beoefen word met vriendelikheid en blydskap en nie vanaf n plek waar jy voel dis jou plig nie.

Hierdie mense is baie sensitief en kom baie emosioneel voor.
Hulle is vinnig om te help in tye van nood. Hulle hou van barmhartigheid betoon en voel ander se pyn.
Dis asof hulle 'n ingeboude radar het om mense met emosionele of geestelikke nood op te spoor en het n groot behoefte om die goed wat ander seermaak te verwyder. Dit is vir hulle moeilik om ferm te wees met ander, tensy hulle regtig sien dat dit nodig is. Hulle pas goed in by ander met dieselfde gawe as hulle en vind dit moeilik om oop te maak na ander wat onsensitief voorkom.

Bybelse voorbeeld... Samaritaan.

Ek hoop jy kon jouself vind vandag in die gawes van die Vader, maar ook dat jy nuwe waardering sal vind vir die wat anders is as jy, want in hierdie andersheid, word die liggaam van christus gevorm tot iets wat volledig is en, anders as ons, tot iets wat beskik van al die goeie gawes.